
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met AGT vrae in totaal.

2. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (60 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4.2 en VRAAG 4.3. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID (90 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 6.4 en VRAAG 6.5. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat gevra word.

5. Lees die AKSIEWERKWOORD aan die begin van elke vraag om te sien wat vereis word.

   AKSIEWERKWOORDE WAT IN DIE VRAE GEBRUIK IS:
   LAEVLAK-VRAE: identifiseer, dui aan, definieer, maak 'n lys van, gee, skryf, kies, beskryf
   MEDIUMVLAK-VRAE: staaf, verduidelik, brei uit, bespreek
   HOËVLAK-VRAE: identifiseer, motiveer, bespreek, evalueer, ontwikkel, gee opinies, analiseer, motiveer, ontwerp

6. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

7. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat wat in sekere vrae vereis word, te gebruik
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

8. Skryf netjies en leesbaar.

 SA EXAM PAPERS 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: BESERINGS

Lees die *WhatsApp*-gesprek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1.1 Definieer *verrekking*. (1)

1.2 Identifiseer DRIE moontlike oorsake, wat met tegnieke verband hou, wat tot Nic se heupverrekking kon lei. Staaf jou antwoord met voorbeelde. (3 x 2) (6)

1.3 Verduidelik die onmiddellike en langtermynbehandeling wat die dokter vir Nic se heupverrekking kon voorgestel het. (4)

1.4 Om te dans terwyl jy 'n besering het, kan meer skade as goed doen. Bespreek die waarheid van hierdie stelling. (4)
**[15]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID**

2.1 Maak 'n lys van VYF veilige wenke om te strek. (5)

2.2 Beantwoord die vrae hieronder oor kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë.

2.2.1 Gee 'n definisie van *kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë*. (1)

2.2.2 Verduidelik hoe kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë 'n rol in die voorkoming van beserings kan speel. (2)

2.2.3 Evalueer of jou dansklasse by die skool goeie vlakke van kardiovaskulêre/kardiorespiratoriese uithouvermoë ontwikkel of nie. Staaf jou antwoord met voorbeelde. (5)

2.3 Analiseer hoe komponente van fiksheid deur die dansers in die foto hieronder gebruik word.



[Bron: https://gwirtzmandance.org] (7)

**[20]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG**

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Ooreet is voordelig vir jou gesondheid. (1)

3.1.2 Dansers benodig koolhidrate in hulle diëte om energievlakke te handhaaf. (1)

3.1.3 Om water gedurende dansklasse te drink, verseker dat jy gehidreer bly. (1)

3.1.4 Ontspanningstegnieke verminder nie stres en angs nie. (1)

3.2 Verwys na die artikelopskrif hieronder. Evalueer die invloed wat die opskrif op 'n danser in die huidige tyd kan hê.

| **'Danskultuur verskuif van rietskraal na sterk'** |
|---|

[Bron: https://dailyutahchronicle.com/2018/01/24/dance-culture-shifting-skinny-strong] (6)
**[10]**

**VRAAG 4: DANSOPVOERING**

4.1 Waardes en houdings is belangrik in die voorbereiding vir 'n praktiese danseksamen.

4.1.1 Maak 'n lys van VYF waardes en/of houdings wat 'n praktiese danseksamen kan bevoordeel. (5)

4.1.2 Brei uit oor hoe die waardes en/of houdings wat in VRAAG 4.1.1 gelys is, jou kan help om vir 'n praktiese danseksamen voor te berei. (5)

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4.2 en VRAAG 4.3.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

4.2 Bespreek hoe aandag aan detail tot 'n goeie danstegniek bydra. (5)

**OF**

4.3 Bespreek hoe verpersoonliking van 'n dans tot 'n goeie dansoptrede bydra. (5)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

### VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 'n Kort reeks bewegings of gebare wat deur 'n choreografie herhaal word:

A Melodie
B Dinamiek
C Motief
D Genre (1)

5.1.2 'n Bron van inspirasie vir dansers om bewegingswoordeskat te ondersoek en te ontwikkel:

A Stimulus
B Balans
C Koördinasie
D Uitdrukking (1)

5.1.3 Die kuns van die skepping of organisering van beweging vir 'n dansuitvoering:

A Ritme
B Choreografie
C Danselemente
D Dinamiek (1)

5.1.4 Twee of meer dansers wat as een beweeg:

A Frasering
B Gebare
C Unisoon
D Kanon (1)

5.1.5 Choreografie wat in 'n nie-konvensionele opvoerruimte aangebied word:

A Oorgang
B Frasering
C Improvisasie
D Terreinspesifieke dans (1)



SA EXAM PAPERS


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.2 Noem die choreografie-PAT-tema wat jy hierdie jaar gekies het.

5.2.1 Verduidelik hoe jy danselemente en/of choreografiese strukture gebruik het om die doel van jou choreografie oor te dra. (8)

5.2.2 Jou choreografie-PAT het van jou vereis om 'n danswerk te beplan en te skep. Die diagram hieronder toon SES aspekte van 'n choreografie-proses.




Gebruik AL die aspekte in die diagram hierbo en ontwikkel 'n plan wat jou benadering tot die proses van choreografie toon. Motiveer hoekom jy die aspekte in hierdie volgorde gerangskik het. (12)
**[25]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID**

6.1 Noem jou hoofdansvorm. Identifiseer SES beginsels en/of eienskappe van jou hoofdansvorm. (6)

6.2 Bespreek hoe dans waarde aan 'n gemeenskap/samelewing kan toevoeg. (6)

6.3 Beskryf die rolle en/of verantwoordelikhede van 'n verhoogbestuurder. (5)

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 6.4 en VRAAG 6.5.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

6.4 Visuele geletterdheid stel jou in staat om simboliese betekenis te interpreteer. Identifiseer die simbolisme in die foto hieronder. Motiveer jou antwoord.



[Bron: https://philanthropost.files.wordpress.com/2010/12/per-anders-pettersson.jpg] (8)

**OF**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.5 Visuele geletterdheid stel jou in staat om simboliese betekenis te interpreteer. Identifiseer die simbolisme in die foto hieronder. Motiveer jou antwoord.



[Bron: https://www.designindaba.com/articles/creative-work/set-designer-es-devlin-will-take-stage-design-indaba-2018]

(8)
**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 7: DANSWERK**

Kies EEN danswerk wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| George Balanchine | *Apollo* |
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Martha Graham | *Lamentation* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |
| Alfred Hinkel | *Bolero* **OF** *Cargo* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons* **OF** *Skeleton Dry* |

In die ANTWOORDEBOEK, ontwerp 'n informatiewe plakkaat van die danswerk wat jy gekies het.

Sluit die volgende inligting by jou plakkaat in:

- Naam van die danswerk
- Sinopsis
- Produksie-elemente
- Bewegingswoordeskat
- Simbolisme (20)

**LET WEL:** Gebruik TWEE A4-bladsye vir jou plakkaat. Jou ontwerp mag in portret of in landskap wees. Jy hoef NIE kleur in jou ontwerp te gebruik NIE. VYF punte sal vir kreatiwiteit, uitleg en organisering toegeken word. (5)
**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

Kies EEN choreograaf wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | Alvin Ailey |
| Gregory Maqoma | Christopher Bruce |
| Hazel Acosta | George Balanchine |
| Mavis Becker | Martha Graham |
| Sylvia Glasser | |
| Veronica Paeper | |
| Vincent Mantsoe | |

Noem die choreograaf wat jy gekies het. Skryf 'n biografiese opstel oor die choreograaf.

**LET WEL:** Punte sal vir formaat toegeken word. **[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS